


**Tema: God laat Hom sien**
**Teks: Genesis 15:1-21 & 22:1-19**

In die oergeskiedenis (Gen 1-11) vind ons verhale wat argetipes is – tydlose stories wat met 'n wye lens na die wêreld kyk waarin ons onsself kan spieël. Die stories word geanker in die skeppingsverhaal wat die mens herinner aan sy identiteit, geskape na die beeld van God en om dit te gaan weerspieël. Dit speel uit in verskeie tragedies: sondeval, Kain en Abel, die sondvloed, toring van Babel wat klaarblyklik tot 'n einde kom met 'n geslagsregister wat eindig in vasgelooptheid – Abram het getrou met Sarai. Sarai was onvrugbaar. Sy het nie kinders gehad nie...

Vanaf Gen 12 word daar van 'n wye-lens-perspektief ingezoom op Abram en Sarai. Abram word uit Ur van die Galdeërs deur God geroep om Kanaän toe te gaan met 'n belofte dat Hy hulle vasgelope situasie sal omkeer en hom sal seën met 'n groot nageslag, en iemand van betekenis sal maak – Hy sal hulle God wees en hulle moet sy volk wees deur wie Hy al die nasies wil seën.

Soos wat die oerverhale 'n wye lens is op die wêreld waarin ons ons bevind, is die aardvaders-verhale, en spesifiek hier Abram se storie, verhale wat ons wil intrek en ons nooi om eerlik met ons kwesbaarheid om te gaan.  Dié verhale help ons om God te leer ken en te onderskei van die ander gode van hierdie wêreld.

Genesis 15 en 22 is wat my betref twee kernhoofstukke in die Abram verhale. In Genesis 15 het daar reeds 'n tyd verloop sedert God vir Abram geroep het. Drome speel 'n belangrike rol in die aardsvader verhale. Met Abram, steeds met sy rug teen die muur, kom God in 'n droom na hom: *Moenie bang wees nie Abram, Ek beskerm jou! Jou beloning sal baie groot wees.* Abram antwoord op 'n eg eerlike en menslike manier: *Here my God, wat kan U vir my gee? Ek sal kinderloos sterf... U het nie vir my 'n nageslag gegee nie. 'n Slaaf uit my huis sal my erfgenaam wees.* Hierop antwoord God deur sy belofte van 'n nageslag so

baie soos die sterre, te herhaal. Abram neem God op sy woord, maar daag Hom verder uit: Hoe sal ek weet dat ek die land sal besit met 'n groot nageslag agter my? God antwoord hom deur op 'n dramatiese wyse 'n verbond met Abram te sluit – waar beide partye tussen deurgesnyde karkasse van offerdiere moet loop.  Die simboliek daaragter is dat die party wat sy deel van die verbond verbreek, só deurgesny sal word… Die heeldag jaag Abram die roofvoëls weg wat op die karkasse wou toesak. Met sonsondergang kom 'n diep slaap oor Abram… en God gaan alleen deur; omdat Hy die brose feilbaarheid van Abram geken het.

Ten spyte van God se verbond, bly Abram en Sarai kinderloos en neem Abram tog die roete om by hulle slavin Hagar 'n kind te kry – 'n verhaal met sy eie intriges. Ten spyte van Abram se ongeduld en ongeloof word Sarai op 'n hoë ouderdom swanger en word Isak gebore.

Ons tweede verhaal vind ons in Genesis 22 en dit is nié 'n droom nie. Dit is 'n verhaal wat my telkens teen die bors stuit en ek kleintyd nie vir my kinders wou lees nie – 'n baie vreemde pa-en-seun-uitstappie met 'n hele klomp vraagtekens oor God. Só lank moes Abraham en Sara wag vir die draer van die belofte vir 'n groot nageslag en nou hierdie bizarre opdrag om jou seun te gaan offer. Die ongemak en amper 'n ontkenning dat hierdie verhaal enigsins in die Bybel opgeteken is, moet ons nie te vinnig by ons laat verbygaan nie. Hierdie ongemak verklap iets van hoe ons die Bybel lees – in fragmente, sonder konteks wat maak dat ons verhale uitlig of uitskeer omdat ons fundamentalisties daarmee omgaan en ons die groter prentjie mis. Wat sê dit van die mens? Wat sê dit oor God?

Binne die konteks van die dag was mense-offers nie 'n vreemde ritueel nie. Met die offer van 'n kind sou jy die gode in jou guns wou kry vir 'n goeie oes, vir die positiewe uitkoms van belangrike onderhandelings, vir die oorwinning van 'n oorlog. Ek sien Abraham langs die kantlyn in Ur as mense kinders kom offer en wonder of hy dankbaar was dat hy dit gespaar is en of hy dalk gedink het hy het niks om te bring nie. Wanneer Jahwe hom roep om die vreemde in te gaan met die belofte van 'n groot nageslag, dat Hy sy God sal wees en hy sy volk, is dit 'n pad om mekaar te leer ken. As God dan wel tog sy woord hou en opdaag, moes die toets om hom te gaan offer Abraham onkant gevang het. Want met die verloop van tyd het Abraham heelwat ervarings met sy God gehad, en het hy waarskynlik gehoop dat YHWH anders sou wees as die gode van Ur en wat hy in Kanaän gesien het. Daarom dat Abraham se instemming om Isak op hierdie vreemde berguitstappie te neem, meer is as 'n daad van gehoorsaamheid aan 'n God wat dalk toe ook maar soos die ander was.

Ons hoor ander taal by Abraham wanneer Isak hom uitvra oor die offer. 'n Sleutel in die verstaan van wat hier gebeur lê in wie God vir hom is: Jehova Jire – die Here sal voorsien. In Abraham se stap, sy praat met Isak en die regmaak van die altaar, om Isak vas te maak bo-op die houtstapel, en om dit te waag om die mes uit te haal, was dalk nié om deel te neem aan God se toets nie, maar eerder Abraham wat God

toets, wat tot op die einde hoop Hy is anders. En dit is Abraham wat tot op die einde glo dat God sál voorsien. So mooi dat die engele deel raak van die verhaal en Abraham keer, sodat God self kan sê: Los jou seun… Hierdie God van Abraham ís toe anders…

**Interessante woordspeling**
Die Hebreeuse woord רְאֶה (sien) kom herhalend voor in die teks. In vers 8 wanneer Isak vra: Maar waar is die lam? antwoord Abraham letterlik *"Die Here sien…"* (sal voorsien). Verder sien ons die woordspeling ook in die woord Moria מוֹרִיָּה (ra Yah) – die Here sien. Die berg-uitstappie raak dan die berg van sien, die berg van perspektief, die berg van voor-sien. Dit raak 'n plek waar Abraham sien, perspektief kry dat God anders is as die Gode van Ur en Kanaän.

**GEBEDSPRAKTYK:**
Ons moedig lidmate aan om die volgende gebedsoefening daagliks te doen.

Word stil en raak bewus van God se teenwoordigheid by jou en in jou.
Wie is dié God?
Verbeel jou Hy kyk na jou?
Hoe kyk Hy na jou?
Wat is die uitdrukking in sy oë?
Wat dink jy voel Hy terwyl Hy na jou kyk?
Is daar iets wat jy graag vir Hom wil sê?
Is daar iets wat Hy dalk vir jou wil sê?
Laat die gesprek spontaan ontvou.
Rus 'n ruk lank in sy liefdevolle blik en wees net mens in sy teenwoordigheid.

**VIR KLEINGROEPE:**
**Ons ontmoet mekaar**
Deel met mekaar hoogtepunte en laagtepunte van die afgelope week…

**Ons ontmoet God**
Steek 'n kers aan in die groep as simbool van God as die Lig in ons wat teenwoordig is. Doen die gebedsoefening saam wat ons in die tyd inoefen.

**Ons deel met mekaar**
Wat van verlede week se tekste en die erediens het jou veral geraak? Gee elke groepslid geleentheid om te deel.

Lees nou die komende week se teks (Genesis 21:1-21) en laat elkeen deel wat hulle daarin hoor. Hoe help die teksgedeelte ons om te dink oor mens-wees vandag?

**Ons sluit af**
Laat die groep deel hoe hulle in die komende week vir mekaar kan bid en ondersteun.

